

# BESTUURSKALENDER VIR WOLSKAPE IN DIE SOMERREËN-GEBIEDE VAN SUID-AFRIKA (OKTOBER & NOVEMBER)

AANGEBIED DEUR DIE  
PRODUSENTE DIENSTE VAN DIE  
NASIONALE WOLKWEKERSVERENIGING VAN SUID AFRIKA  
(NWKV)



## **1 Suiplammers (Augustus & September se lammers)**

1.1 Doseer teen melk-lintwurm. Gebruik 'n middel wat Albendasool as aktief bevat. Wag met lintwurm-beheer totdat die lammers minstens 3 maande oud is of wanneer daar lintwurmsegmente in die mis voorkom.

1.2 Doseer met Vitamien A & E en minerale. Die lammers het dit baie nodig, veral as hulle nog nooit groen weiding gevreet het nie.

1.3 Moenie die lammers nou-al teen siektes soos bloutong, bloednier of pasteurella in-ent as die oosie daarteen inge-ent was nie. Wag tot hulle minstens 12 weke oud is, anders bou hulle nie self immuniteit op nie, omdat die bies se teenliggame nog in die bloed teenwoordig is en die opbou van eie immuniteit keer.

1.4 Die oosie se melk sal van nou-af vining begin afneem en die lammers sal hulself nou moet begin handhaaf. Dit is nou te laat vir kruipvoeding. Die beste praktyk nou is om die oosie en lammers na vars weiding te skuif sodat die lammers goeie voeding ontvang. Indien nie, sal hul groei begin stil staan. Hul moeders is hul grootste kompetisie vir voer. As die voer skrap is, kan daar oorweeg word om die lammers vroeg te speen, mits hulle natuurlik aan sekere minimum standaarde voldoen. Hulle moet minstens 22kg wees en minstens 60 dae oud wees. Hierdie vroeg gespeende lammers behoort 'n goeie produksie-lek hoog in deurvloei proteien te ontvang.

## **2 Oosie wat in Oktober/November gepaar gaan word**

2.1 Oosie moet groei in kondisie om goed ram te vat. Prikkel die oosie deur hulle na spaarveld te skuif 14 dae voordat die ramme bykom of gee hulle prikkelvoeding. Sjokolade mielies met 4% vismeel werk goed as prikkelvoeding. Gee die oosie 150g hiervan per dag, vanaf 14 dae voordat die ramme bykom tot 21 dae na die ramme bygesit is.

2.2 Koggelramme werk baie goed hierdie tyd van die jaar om die ooie op hitte te kry. Koggel die ooie net vir 9 dae en sit dan die ramme by. Die heel vrugbaarste ooie kom op hitte binne nege dae nadat die koggelramme bygesit is. Veertien dae is te lank, want dan sal die heel vrugbaarste ooie reeds weer van hitte af wees.

2.3 Mikskeer die ooie wat gepaar gaan word, as hulle langwol het (langer as 6 maande wolgroei). Die ramme sukkel om ooie met langwol behoorlik te penetreer.

2.4 Ent die ooie teen ensoötiese aborsie ses weke voor paring (as u vermoed dat u lammers daaraan verloor). 'n Tipiese teken dat daar 'n probleem in u kudde is, is 'n verlies aan lammers tussen scan en merk, asook lammers wat swak is by geboorte en kort daarna vrek.

2.5 Ent die ooie teen bloednier en pasteurella met 'n kombinasie-entstof ses weke voor paring.

2.6 Doseer die ooie met 'n breespektrum wurmmiddel, indien nodig. Neem mismonsters om die nodigheid van 'n dosering te bevestig.

2.7 As die ooie lanklaas groen weiding gehad het, sal hulle goed reageer op die aanvulling van vitamien A en minerale (inspuitbaar of dosering). As diere tekens toon van blindheid, is daar 'n vitamien A tekort.

### **3 Ooie met lammers (Augustus/September gebore)**

3.1 Soog-en-droog die ooie. Die wie se spene vuil is, moet gemerk word, want hulle het nie 'n lam by hulle nie. Sodra hulle weer tydens 'n soog-en-droog sonder 'n lam loop, moet hulle geprul word. Hulle lam, maar maak nie lammers groot nie. Foutiewe spene of swere in uiers kan ook redes wees waarom hulle nie 'n lam het nie.

3.2 Ent die ooie met lewendige entsowwe soos bloutong, slenkdal, ensomeer.

### **4 Ramme**

4.1 Alle bestuurs-aksies van die ramme, moet minstens 8 weke voor paring afgehandel wees (**dit moes dus al klaar gewees het** - ons sluit die lys van aksies wel in). Ramme kan tydelik onvrugbaar word as hulle gehanteer word of met lewendige entstof behandel word. Dit vat dan 8 weke vir hulle om weer hul semenvolume aan te vul. Dit sluit aksies soos die volgende in:

4.1.1 Toets die ramme vir vrugbaarheid en geslagsiektes.

4.1.2 Skeer die ramme en doen alle nodige inentings (soos pasteurella en bloednier), doserings (veral teen interne parasiete, bosluise en neuswurm) en aanvullings van Vitamien A & E en minerale.

4.2 Sorg dat die ramme in 'n goeie kondisie is voor paring. Prikkelvoeding soos hawerpitte of 'n goeie lek gee goeie resultate. Wees versigtig vir skoon mielies of sjokolade mielies, aangesien dit tot die aansameling van vet om die testis kan lei, wat die ramme se vrugbaarheid aantas. 'n Lek hoog in proteien werk goed. Sorg vir genoeg vreetspasie sodat

die ramme almal gelyktydig kan vreet. Ramme moet pers tussen die voor- en agterbene wees wanneer hulle na die ooie gaan.

4.3 Doseer elke ram een keer per week met 20ml koringkiem die laaste 4 weke voor paring. Vir Mpumalanga word 10ml per week 6 weke vooraf voorgestel.

4.4 Sodra die ramme by die ooie uitkom, begin om hulle in te ent met lewendige entstowwe soos bloutong, slenkdal, ensomeer. Handel hierdie aksies minstens agt weke voor die volgende paring af.

**BELANGRIK: KONTAK U PLAASLIKE VEEARTS AS U OOR ENIGE VAN DIE DIERE-  
GESONDHEID AANBEVELINGS TWYFEL! MOENIE DRAGTIGE OOIE MET LEWENDIGE  
ENTSTOWWE SOOS BLOUTONG EN SLENKDAL ENT NIE. DIT KAN ABORSIES  
VEROORSAAK. LEES ALLE ENTSTOWWE, DOSEERMIDDELS EN VOERE SE  
PAMFLETTE OM U TE VERGEWIS VAN DIE VEILIGE GEBRUIK DAARVAN.**

<http://www.nwga.co.za/downloads/generiese-bestuurskalender.html>

[http://www.nwga.co.za/downloads/skaapbestuursproram en kalender.xls](http://www.nwga.co.za/downloads/skaapbestuursproram_en_kalender.xls)

**Indien u meer inligting verlang, skakel asseblief u naaste NWKV-kantoor**

**Carnarvon – Gawie van Wyk - 083 270 3161**

**Middelburg (OK) – Juan Venter - 079 693 1953**

**Bloemfontein – Jan Louis Venter - 083 650 1131**

**Harrismith – Bom Louw - 082 652 2243**

**Ermelo – Jacques Jansen van Vuuren – 083 2355 467**